VERGADERING VAN 'N SPESIALE KOMMISSIE GEHOU OP 6 APRIL '48.

TEENWOORDIG:
Ds.D.G.v.d. Merwe, Ds. W.R. de Kock, Ds. J.J. le Roux en Ds. J. G. Strydom.

Die vergadering is met 'n gebed ge-open.

A. BESLUITE FEDERALE SENDINGRAAD.

1. 'n Groot kongres i/s Rassevraagstukke sal gehou word April 1949.
Die Sinode sal gevra word om die saak hartlik te steun.

2. SENDINGBELEID:-
Veranderings wat daar aangebring is - Ds.D.G. v.d.Merwe sal dit verduidelik.

3. I/S UITGEE VAN BLAD VIR NATURELLE:
Die Sinode juig die poging van die R.D.B. toe, om 'n nuusblad vir Naturelle, wat Christelik Afrikaans georiënteer is, en wil sy ondersteuning sover moontlik toesê.
Ds. D. G. v. d. Merwe sal die saak toelig.

4. WERK ONDER DIE INDIERS IN NATAL:-
Dit word aanbeveel dat die H.E. Sinode sal gevra word om die saak te steun.

5. INTERNASIONALE SENDINGRAAD:-
Die brief van Prof. van Wyk gelees en besluit dat die saak berus by die S.A.S.K.

B. WETTE EN VERORDENINGE VAN DIE NED. GEREF. SENDINGKERK IN DIE O.V.S.

Die S.A.S.K. wens die H. E. Sinode mee te deel, dat hy die voorgestelde uitgawe van die nuwe Kerkwet van die Ned. Geref. Sendingkerk geveto het en wel om die volgende redes (Bylae I (a):-

I. Volgens 'n skrywe van die Scriba Sinodi van die N.G. Sendingkerk het die Sending Sinode die volgende besluit geneem:
"Die H.E. Sinode aanvaar die aanbevelings van die Kommissie van Orde i/s die Konsepwetboek en gee dienooreenkomstig opdrag en volmag aan die Kommissie van Hersiening en die A.S.K."
"Die Kommissie van Orde se aanbevelings," skryf hy verder, "is dat die Konsepwet teruggaan na die Kommissie vir Hersiening, met die oog op die besluite, wat geval het rakende wetsveranderinge, om dan deur die A.S.K. afgehandel te word vir publikasie."
Hieruit blyk duidelik dat die Sinode van die N.G. Sendingkerk nie die wet behandel en aanvaar het in die vorm waarin dit voor die S.A.S.K. gelê is nie en volgens artikel 281 van die Moederkerk se wette en bepalinge kan alleen die Sinode so 'n wet aanvaar.

Volgens 'n skrywe van die Scriba van die Permanente Kommissie van Hersiening van die N.G. Sendingkerk is die Konsepwet 'n gerevideerde

Hy skryf: "Vir u informasie, stuur ek vir u onder aparte omslag 'n kopie van die gerevideerde Wette en Bepalinge soos opgestel deur die Permanente Kommissie van Hersiening in opdrag van die Sinodes van 1944 en 1947."

3. Hierdie gerevideerde wette bevat omskrywings, veranderings en weglatings van die Moederkerk se wette en bepalings terwyl Art 2 van die Sendingkerk Konstitusie (Bylae I) neerlê, dat die verordeninge en wette van die Moederkerk deur die Sendingkerk gevolg moet word.

4. Hierdie veranderings is van belang soos blyk uit 'n vergelyking van die Konsepwette en die betrokke artikels in die Kerkwet van die Moederkerk (Vg. Art.18 van die Konsepwet met 36 van die Moederkerkwet, 45 en 81 ens.)

5. Onder hierdie omstandighede wil u Kommissie beleefdelik aanbeveel dat die veto gehandhaaf word.

6. Daar u Kommissie egter daarvan oortuig is, dat 'n nuwe uitgawe van die Sendingkerkwetboek noodsaaklik geword het, beveel hy aan dat die saak van sodanige uitgawe terug verwys word na die Sendingkerk om in oorleg met die S.A.S.K. alles in orde te bring vir voorlegging voor die e.k. Sending Sinode.

Daarna het die vergadering met gebed gesluit.

Get._____

_____

_____

_____